DAG 57-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Jos 1:8 Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar **bepeins dit** dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

MESSAGE - Jos 1:8 And don't for a minute let this Book of The Revelation be out of mind. **Ponder and meditate** on it day and night, making sure you practice everything written in it. Then you'll get where you're going; then you'll succeed.

HEBREW – " hagah" - **to murmur** (in pleasure or anger);, to ponder:-imagine, **meditate**, mourn, **mutter**, speak, talk, utter.

MEDITATE or MUTTER means to continually speak God's Word to yourself

Psa 40:8 (40:9) Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en **u wet is binne-in my ingewande**.

Almagtige Verlosser , help ons om gevul te wees met die Woord van God en gedurig dit vir onsself te herhaal totdat ons Glo want Geloof kom deur die Gehoor en Gehoor kom deur die Woord van God. (**Rom 10:17)**
Jer 20:9 En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, **dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur**, ….

Stof tot Nadenke…

Vrug van herlewing: Herlewing bring 'n nuwe sensitiwiteit vir sonde. Herlewing bring 'n hernude toewyding aan God. Herlewing bring 'n nuwe lojaliteit aan die Kerk. Herlewing bring 'n nuwe liefde tussen die broers en susters. Herlewing bring 'n nuwe besorgdheid oor die verlorenes.
Uittreksel: Baptise with Fire deur Arthur Skevington Wood.

Onophoudelike Gebed:

Vader, laat ek U Woord spreek...

DAG 58-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK

2Kor 4:13 En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het—soos geskrywe is: **Ek het geglo, daarom het ek gespreek**—glo ons ook, **daarom spreek ons** ook.

AMPL - 2Cor 4:13 Yet we have the same spirit of faith as he had who wrote, I have believed, and therefore have I spoken. We too **believe**, and **therefore we speak**, [*Ps. 116:10.*]

MESSAGE -2Cor 4:13 We're not keeping this quiet, not on your life. Just like the psalmist who wrote, "**I believed it, so I said it**," we **say what we believe.**

Rom 10:10 want **met die hart glo** ons tot geregtigheid en **met die mond bely** ons tot redding.



Liefdevolle Vader, ons bely dat ons so maklik twyfel en wonder of U ons regtig liefhet wanneer dinge skeefloop. Ons bid dat U ons in u genade sal lei om gewortel en gegrondves te word in u liefde, sodat ons sal kan verstaan hoe wyd en lank en hoog en diep die liefde van Jesus is. Laat ons harte en gedagtes deurweek word daarvan om ons aan u liefde oor te gee en vervul te word met die volheid van God.

Stof tot Nadenke…

Herlewing bring ‘n kerk op haar knieë. God vind ‘n hele kerk op haar knieë onweerstaanbaar. – **Evan Roberts**.

Onophoudelike Gebed:

Here Jesus, ek smag daarna om u liefde te ken...

DAG 59-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK

Jak 1:21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante **woord**, wat **in staat is** om julle siele te red.

AMPL -Jam 1:21 So get rid of all uncleanness and the rampant outgrowth of wickedness, and in a humble (gentle, modest) spirit receive and **welcome the Word** which implanted and rooted [*in your hearts*] **contains the power** to save your souls.

Jam 1:21 So throw all spoiled virtue and cancerous evil in the garbage. In simple humility, let our gardener, God, landscape you with the **Word**, **making a salvation-garden of your life.**

Vader ons moet partykeer met skaamte bely dat ons NIE U Woord ken nie, en nie genoeg tyd met U woord spandeer nie, daarom getuig ons lewens ook nie van ‘n Woord gefundeerde lewe nie. Help ons om ‘n liefde vir U Woord te ontwikkel en ons lewens in te rig volgens U Woord. LAAT ONS die’ TUIN wees waarin U as Tuinier sal wandel met trots en genoegdoening.

Stof tot Nadenke…

Wanneer God kom met herlewing, dan weet hele gemeenskappe dat daar ‘n God is en dat ewige dinge regtig saakmaak. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Heilige Gees, open my oë...

DAG 60-Voorwaardes vir Herlewing: …SPREEK DIT

Mar 5:28-29 want **sy het gesê**: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word… En **dadelik** het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was.

AMPLIFIED - Mar 5:28-29 For **she kept saying**, If I only touch His garments, I shall be restored to health. And immediately her flow of blood was dried up at the source, and [*suddenly*] she felt in her body that she was healed of her [*distressing*] ailment.

Here onse God , Laat die woorde van ons mond voor U welbehaaglik wees. Partykeer is dit nodig om onsself aan te spreek vir verkeerde gedagtes, verkeerde gesindhede en ons gebed is dat U ons help om ONSSELF TE OORTUIG om SAAM MET GOD SE WOORD TE STEM en nie wat ‘n mens sou spreek nie. Ons GLO NIE DIE RAPPORT van mense nie; ONS GLO DIE RAPPORT VAN GOD

Stof tot Nadenke…

Die eerste aanduiding dat herlewing op pad is, is meestal dat daar ‘n roering kom in die gebedslewe van ‘n kerk. Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Heilige Gees, wys my die geleenthede waar ek my geloof kan deel.

DAG 61-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN DIT

Heb 11:1 Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge **wat ons nie sien nie.**

AMPL - Heb 11:1 NOW FAITH is the assurance (the confirmation, the title deed) of the things [*we*] hope for, being the **proof of things [*we*] do not see** and **the conviction of their reality** [*faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses*].

MESSAGE - Heb 11:1 The fundamental fact of existence is that this trust in God, this faith, is the firm foundation under everything that makes life worth living. It's our handle on what **we can't see**.

Here, God van ons vaders, ons is in ‘n ewige verbond met U om u aangesig te soek. Skenk ons u genade en krag om hierdie verbond met ons hele hart en siel te onderhou. Herinner ons dag en nag om aan te hou bid en u teenwoordigheid te soek vir ons land.

Stof tot Nadenke…

Ons kan nie herlewing voortbring, of verdien, of vir God ‘n rooster vir ‘n herlewingsbesoek opstel nie. Ons kan slegs God se voorwaardes nakom en sy aangesig soek. **Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.**

Onophoudelike Gebed:

Vader, ek soek U met my hele hart en siel...

DAG 62-Voorwaardes vir Herlewing: …SIEN dit

2Kor 4:18 ….omdat ons **nie let op die sigbare dinge nie**, maar **op die onsigbare**; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

AMPL - 2Co 4:18 Since we consider and **look not to the things that are seen** but to the things that are **unseen**; for the things that are visible are **temporal** (brief and fleeting), but the things that are **invisible are deathless and everlasting.**

MESSAGE - 2Co 4:18 There's far more here than meets the eye. The things we see now are here today, gone tomorrow. But the things we can't see now will last forever.

"SIEN" DIE ANTWOORD OP JOU GEBEDE …. SELFS AL SIEN JY DIT NOG NIE

Here God, wat sou van ons word as iets soortgelyk in ons tyd moes gebeur! Ons vra u genade oor ons. Ons bid vir groter eenheid tussen u kinders, asook dat meer leiers en gelowiges landwyd sal inskakel om u teenwoordigheid en u wil te soek. Laat die dood nie oor ons kom nie. Verwyder geestelike blindheid en doofheid uit u kerk. Ons vra U om ons land na U te laat honger en dors, sodat alle mense na U sal soek.

Stof tot Nadenke…

God verwag meer as net blote oppervlakkige gebed vir herlewing. Hy wil dat sy kinders sal honger en dors na sy magtige werke. Om God se aangesig te soek is veel meer as om herlewing toevallig te noem in ons gebede. Dit vereis herhaaldelike en langdurige gebed. Dit vereis 'n heilige vasberadenheid in gebed. Dit vereis dat ons onsself sal ondersoek om te sien of daar enigiets in ons lewens is wat God kan verhinder. Iemand wat na herlewing soek, is bereid om enige stappe te neem wat antwoorde kan bring. Uittreksel: Revival Fire deur Wesley Deuwel.

Onophoudelike Gebed:

Vader, maak alles in my dood wat nie na U soek nie.

DAG 63 -Voorwaardes vir Herlewing: … SIEN dit

Gen 15:5 Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.

AMPL - Gen 15:5 And He brought him outside [*his tent into the starlight*] and said, Look now toward the heavens and count the stars--if you are able to number them. Then He said to him, So shall your descendants be.

MESSAGE - Gen 15:5 Then he took him outside and said, "Look at the sky. Count the stars. Can you do it? Count your descendants! You're going to have a big family, Abram!"

JY MOET LEER OM JOUSELF TE SIEN SOOS GOD JOU SIEN

Gen 15:6 En hy het in die HERE geglo; ….

AMPL - Gen 15:6 And he [*Abram*] believed in (trusted in, relied on, remained steadfast to) the Lord, ….

MESSAGE - Gen 15:6 And he believed! Believed GOD! God declared him "Set-Right-with-God."

Immanuel (God by ons),ons bid ernstig dat U ‘n brandende begeerte in ons harte sal gee om meer en meer na U wil in ons lewens te soek. Leer ons hoe om U in ons daaglikse lewens die ereplek te gee. Laat ons harte wakker wees, selfs al slaap ons. Laat ons nooit moeg word om tot U te roep nie! Wees ons genadig en wees altyd God by ons! Gee vir ons rus na alle kante toe.

Stof tot Nadenke…

Die manne (en vroue) wat deur God in herlewings gebruik is, was mense wat gewoond was om intiem met God te wandel en wat gesmag het na ‘n heilige lewe.
Uittreksel: Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards.

Onophoudelike Gebed:

Vader, mag ek U tog vind!

GEDAGTE VIR DIE WEEK

"Ek het heelparty goeie mense gesien wat onder 'n diepe las gebuk gegaan het en na God uitgeroep het in hulle verlore en ellendige toestand. Die redes was sonde, ongeloof, veragting van Christus en die evangelie wat Hy aanbied of dalk 'n hardheid van hart of growwe nalatigheid en onbetrokkenheid by godsdiens. Die uitroepe was nie soseer as gevolg van vrees nie, maar omdat hulle bewus was van die oneer wat God aangedoen is." – **Dr John Hamilton.**

SELGROEP – WEEK 9

1. *WAT HET VIR JOU DIE MEESTE UITGESTAAN die afgelope week ?*_____

2. *WAT VERSTAAN JY ONDER .... Dit was vir hulle **'n vreugde** om na die Here te vra, en Hy het Hom **deur hulle laat vind** en hulle rus gegee **na alle kante toe** (2 Kron.15:15).*

3. ***BESPREEK PAULUS SE GEBED** – In Efes 3:17-18 Ek bid dat…*
   *(1)julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. (2)Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, (3)mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God (**Ef.3:17-18**).*

4. *Wat gebeur as ek NIE God raadpleeg nie ? - (2Kron.16:12-13).*

5. *Bid vir.. 1) 'n dieper insig (**Flm.6**).*
   *(**Ef.1:18-19**)....(2) geestesoë so verhelder dat julle kan weet*
   - *i. watter hoop sy roeping inhou en*
   - *ii. watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem*
   - *iii. hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo*

LEES: ***Rom. 4:3, 18-22; Gal. 3:6; James 2:23;Heb. 11:12.***

VISIE: Vra jouself die vraag?
WAT WIL EK GRAAG SIEN DAT GOD DOEN ?